

Sing vooraf staande: Psalm 128:1, 3 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.

- 3 Soos jong olyfboomplante, / wat uitspruit sterk en fris,
so bloei aan alle kante / jou kinders om jou dis.
O wie van dié getal is, / hy wat die HERE vrees,
vir wie God een en al is – / hy sál geseënd wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 108:1, 4 (p. 542)

- 1 Hoe rus, o God, my hart in my / nou 'k U 'n môrelied kan wy.
Ontwaak met my, my harp, ontwaak! / Ek wil die rooidag wakker maak.
U trou en goedertierenheid, / tot bo die hemel uitgebreid,
sal ek verhoog bo al wat leef / met sang wat van ontroering beef.

- 4 Wie bring my in 'n vaste stad? / Wie baan na Edoms land my pad?
U is 't wat ons nie by wou staan, / nie met ons leërs saam wil gaan!
Gee ons u bystand in die stryd, / want mensehulp is nietigheid.
Deur God sal ons tot kragdaad stap; / ons vyand sal Hy self vertrap.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 19:4, 5 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.

Gebed

Psalm 34:6, 8 (p. 167)

- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

- 8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke is en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.
Hoe kom hul altyd weer, / die teespoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

Skriflesing: 1 Samuel 1:24-2:36; Efesiërs 6:1-4; Heidelbergse Kategismus, Sondag 39

Kernvers: Eksodus 20:12; Efesiërs 5:1; 6:1-4

Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

(Eksodus 20:12 AFR53)

Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.

(Efesiërs 5:21 AFR83)

Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder—dit is die eerste gebod met 'n belofte—sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde. En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.

(Efesiërs 6:1-4 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?

Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp (a). Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê (b), omdat God ons deur hulle wil regeer (c).

(a) Ef 6:1, 2, 5; Kol 3:18, 20, 22; Ef 5:22; Spr 1:8; 4:1; 15:20; 20:20; Eks 21:17; Rom 13:1. (b) Spr 23:22; Gen 9:24; 1 Pet 2:18. (c) Ef 6:4, 9; Kol 3:20; Rom 13:2, 3; Matt 22:21.

Tema: Vir wie maak ons ons kinders groot?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, elkeen van ons het op die een of ander manier met dissipline te doen. As ons kinders is, word ons gedissiplineer of behoort ons gedissiplineer te word. As ons ouers is, dissiplineer ons ons kinders of ons behoort hulle te dissiplineer. So is ons almal in 'n stadium iemand wat dissipline toepas of gedissiplineer word, want ons leef in verskillende gesagsverhoudings, naamlik in die gesin, in die kerk, in die skool en in die land. Vanoggend gaan ons net by die gesagsverhouding in die gesin tussen ouers en kinders stilstaan en ook kyk watter uitwerking hierdie gesagsverhouding op die hele samelewing het.

Tans is daar baie mense wat 'n negatiewe ervaring het van dissipline omdat daar grotendeels 'n gebrek aan dissipline is. In die skole is dit die onderwysers wat murmureer oor die swak gedrag van kinders. Baie ouers kla dat hulle kinders net nie meer vir hulle wil luister nie en dat dit in 'n sekere mate omgeswaai het; kinders beheer en manipuleer hulle ouers. Dan praat ons nog nie eers van ongeskikte bestuurders op die paaie en die oortreding van verskeie wette in die land sonder enige noemenswaardige vervolging nie. Aan die ander kant is daar ook diene wat dissipline negatief ervaar omdat daar nie regverdigheid en billikheid in die toepassing van dissipline is nie.

Nou het ons in ons land ook hierdie situasie. Die staat het wetgewing in plek gekry wat enigiemand verbied om 'n kind 'n pak slae te gee. Kinders word selfs in die laerskool geleer dat hulle hulle ouers of onderwysers kan aankla en laat vervolg deur die polisie as hulle 'n pak slae sou kry. Vir sommige ouers en onderwysers voel dit asof die staat nou hulle hande agter hulle rug vasgebind het en die kinders maar kan maak soos wat hulle wil. Tog, broers, susters en kinders, moet ons nie te afwysend op hierdie wetgewing reageer nie. Ons weet mos dat daar ook ouers en onderwysers is wat onder die naam van

goeie Christelike opvoeding kinders nie regverdig getug het nie maar inderwaarheid mishandel het.

Dit is as gevolg van hierdie gebrek aan goeie Christelike dissipline en as gevolg van die wetgewing van die staat dat dit tyd geword het om weer opnuut te luister na wat die Here ons in hierdie verband leer. Wanneer God ons deur Christus se kruisoffer kinders van Hom maak en sy Gees aan ons gee en Hy ons oortuig dat ons inderdaad kinders van God is deurdat Hy die wette van die Here op ons harte skryf, lê die Here beslag op ons hele lewe. Iemand wat deur Christus van sy sondes verlos is, wys immers met sy hele lewe dat hy aan God behoort. Wanneer dit by die gesagsverhouding in die gesin kom, het die Here net soveel sê daarvoor as wat Hy het oor hoe Hy wil hê dat ons Hom in gebed moet aanroep. Om hierdie rede het God in sy alwysheid reeds in die Tien Gebooe die vyfde gebod aan ons gegee. En in hierdie gebod laat Hy sy stem in die ore van kinders en ouers weerklink. Vanuit Efesiërs 6:1-4 staan ons stil by drie sake.

Ten eerste hoor ons dat dissipline nodig is. Die Heilige Gees lei Paulus om die Here se bedoeling van die vyfde gebod duidelik te maak. Die Here wil hê dat daar onder sy mense dissipline sal wees, en ouers is in die gelowige gesin die toepassers van hierdie dissipline. Hierdie opdrag kom egter nie maar net van God wat ver van ons af in die hemel woon en maar net 'n klomp moets en moenies aan ons voorskryf nie. Die opdrag aan ouers om hulle kinders as gelowiges groot te maak kom van ons hemelse Vader wat juis in Jesus Christus sy liefde en sorg aan ons sigbaar maak. Daarom, ouers, omdat ons eerbied vir Christus het, gaan ons ons kinders as gelowiges grootmaak.

Hierdie taak van opvoeding van ons kinders begin egter nie eers wanneer hulle kan praat en met ons kan redeneer nie, Pa en Ma. In 1 Samuel 2 maak die Here self 'n vergelyking tussen Samuel en die twee seuns van Eli. Samuel was maar sowat drie jaar oud toe sy ma hom na die tempel geneem het om daar verder groot te word. Elkana en Hanna, die pa en ma van Samuel, het dus net drie jaar gehad om hulle seun as 'n gelowige groot te maak. In daardie eerste drie jaar van Samuel se lewe het hulle die dissipline wat die Here van sy kinders verwag by Samuel vasgelê. Hulle het dit gedoen omdat hulle eerbied vir God het wat Samuel aan Hanna gegee het.

Die dissipline was so goed vasgelê by Samuel dat Hanna hom op driejarige ouderdom alleen by Eli kon gaan los het. Uit eerbied vir God het Samuel homself aan die leiding van die Heilige Gees onderwerp en hom verderaan onder die gesag van hierdie oom Eli by die tempel gestel. Tot vier keer sê die Heilige Gees hoe gehoorsaam Samuel die Here gedien het, want hy het hom deur Eli laat grootmaak uit eerbied vir die Here.

Eli se twee seuns, Hofni en Pinehas, het hulle egter nie laat dissiplineer nie. En die rede vir hulle ongehoorsaamheid vind ons daarin dat hulle nie eerbied vir die Here gehad het nie. In plaas daarvan om net die deel van die offerdier te neem wat die Here aan die priesters toegesê het, naamlik die bors sonder die vet en die regterboud van die offerdier, het hulle gulsig geraak. Eers het hulle, wanneer die een wat geoffer het die res van die vleis gaarmaak, vir hulle vleis uit die pot kom vat. Toe hulle nie meer tevrede was met die gaar vleis nie, het hulle die rou vleis waarvan selfs die vet nog nie eers aan die Here geoffer is nie, met geweld kom opeis. Maar dit was nie al nie. Hofni en Pinehas het ook by die vrouens wat diens doen by die tent van ontmoeting geslaap, terwyl ons weet dat ten minste Pinehas getroud was. Geliefdes, hierdie twee seuns het inderdaad geen respek en eerbied vir die Here gehad nie, daarom het hulle nie na hulle pa se vermanings geluister nie.

Ongelukkig lê die skuld nie net op die skouers van Hofni en Pinehas nie. Eli het self ook daartoe bygedra, want ook hy het nie eerbied vir die Here gehad nie. Inderwaarheid moes Hofni en Pinehas as priesters geskors gewees het, maar Eli – die hoëpriester – doen dit nie. Oor hulle opsetlike opstandigheid moes die twee seuns eintlik tereggestel word, maar ook dit het Eli nie gedoen nie. Hy het sy seuns belangriker as die Here geag en daarin ook getoon dat hy nie eerbied vir God het nie.

En, geliefdes, die gebrek aan dissipline van Eli se kant af het eerstens veroorsaak dat die volk nie meer agting vir die offers van die Here gehad het nie. Die erediens van Israel aan die Here is aangetas. Hofni en Pinehas se rondslapery het ook veroorsaak dat Israel nie meer respek vir die priesters van die Here gehad het nie. Moontlik het baie van Israel se mans gedink as die priesters kan rondslaap, kan ons dit ook maar doen. In die tweede plek het Eli se gebrek aan dissipline veroorsaak dat die Here vir Hofni en Pinehas doodgemaak het. En die belofte van die vyfde gebod is vir Eli en sy hele nageslag afgesny.

Pa en Ma, Oupa en Ouma, Oom en Tannie, het julle ontsag vir ons God en Here Jesus Christus? Laat ons Hom dan gehoorsaam en die dissipline toepas sodat ons kinders al van kleins af kan leer om ontsag vir die Here te hê. 'n Kind wat die Here vrees, 'n kind wat waarlik weet en vertrou dat Christus hom en haar van hulle sondes verlos het, sal gehoorsaam wees aan hulle ouers en onderwysers, want hulle weet die Here verwag dit van sy kinders.

Ten tweede hoor ons in ons teksvers ook hoe dissipline toegepas moet word. Kom ons kyk eers hoe die Here nie wil hê dissipline toegepas moet word nie. Vir ouers sê die Here:

moenie julle kinders vertoorn nie, ... (Efesiërs 6:4 AFR53)

Op 'n ander plek skryf Paulus:

Vaders, moenie gedurig by julle kinders fout soek dat hulle moedeloos word nie. (Kolossense 3:21 AFR83)

Wanneer ons aan wie die Here die gesag gegee het om kinders groot te maak, altyd net fout vind by hulle, die heelyd op hulle pik, gaan hulle naderhand waardeloos en nutteloos voel. Dit gaan maak dat hulle naderhand sê: Ek kan tog niks reg doen nie en dan verval hulle in moedeloosheid. Hulle sal so moedeloos wees dat hulle niks wil doen nie. Onregverdige en onbillike dissipline kan veroorsaak dat kinders opstandig word. Ons praat nie van 'n tiener wat sy kamerdeur toeslaan omdat hy en sy nog nie mooi beheer van hulle emosies het nie. Ons praat van onbillike en onregverdige dissipline wat maak dat kinders skelmstreke uithaal om weg te kom van 'n vermaning en tug. Sulke optrede van die kinders is opstand nie net teen die ouers nie, maar in die eerste plek teen die Here.

Die ander manier hoe die Here nie wil hê dat dissipline toegepas moet word nie, is soos wat Eli dit gedoen het. Ja, dissipline was nie geheel en al afwesig by Eli nie. Maar hy het dit maar floutjies gedoen. Oor al die slegte dinge wat sy seuns gedoen het, het hy maar net gesê:

Waarom doen julle sulke dinge dat ek aanhoudend by die hele volk moet hoor van julle slegte dade? Ag nee, my seuns, die gerugte wat ek hoor, is nie goed nie. (1 Samuel 2:23-24 AFR83)

Omdat Eli sy seuns nie van kleins af ferm gedissiplineer het nie, kon hy dit ook nie op sy oudag gedoen het nie. Sy woorde was maar net so 'n vryf oor die seuns se skouers: Ag nee, my seuns, dit is mos nou nie mooi nie. 'n Kind wat sulke woordjies hoor, sal nie getug voel nie.

Die Here sê: Ouers moet hulle kinders opvoed in die tug en vermaning van die Here (Ef 6:4). Geliefdes, nou is die Bybel ook nie 'n handboek met die titel *So dissiplineer ek my kind*, nie. Daarom verg dit van ons ouers wysheid om agter te kom hoe die Here wil hê ons moet tug en vermaan. Die Here gee nie net op een plek in die Bybel riglyne om kinders groot te maak nie. In die hele Bybel hoor ons hoe ons hemelse Vader met sy kinders maak om hulle te tug en te vermaan.

Wanneer die eerste kinders van God ongehoorsaam is, haak Hy nie af en slaan hulle dood nie. Hy roep hulle tot verantwoording en vra: Waar is jy? (Gen 3:9) In liefde praat God met sy kinders. Soms fluister die Heilige Gees net wanneer Hy ons herinner aan die woorde van die Here. As ons ontsag vir die Here het, sal ons op daardie fluisterstem reageer en ons bekeer. Maar as ons onself verhard en aanhou op die verkeerde pad, gaan Hy harder en met meer krag met ons praat. Ja, Hy sal met ons raas en ons waarsku dat ons 'n swaarder straf te wagte kan wees. So het die Here al harder deur sy profete met die volk Israel gepraat. En uiteindelik, omdat Israel nie wou luister nie, het hulle 'n pak slae gekry. Hulle is in ballingskap weggevoer uit hulle land uit.

Dit is maar in breë die riglyn wat ons uit die Skrif leer van hoe die Here wil hê dat ons moet tug en vermaan. Praat in liefde met jou kind. Jou tug en vermaning mag nie daarop uit wees om jou kind seer te maak en te verneder nie, maar om hom en haar te leer om eerbied vir die Here te hê. Die woord *tug* beteken om reg te trek, om dit wat uit lit geraak het weer in lit te kry. Pa en Ma, as jy jou kind liefhet en jy het die Here lief, sal jy nie jou kind sonder dissipline of met flou dissipline of met onregverdige dissipline grootmaak nie. Inteendeel, ons maak ons kinders as kinders van die Here groot, want hulle is gedoop. Ons Drie-enige God het sy Naam oor ons kinders uitgeroep. Hy wil hê dat ons kinders anders as die ongelowiges se kinders grootgemaak sal word. Die kind wat eerbied en respek in hulle ouerhuis geleer het, sal ook herken kan word in die klaskamer. Dit is daardie kind wat nie sal meedoen aan die ongehoorsaamheid van ander kinders teenoor die onderwyser nie.

Die derde en laaste saak waarop die Here ons wys, is hoe gelowige kinders reageer op dissipline. Kinders moet aan hulle ouers gehoorsaam wees, nie omdat hulle bang is vir die pak slae nie, maar omdat die Here dit van hulle verwag en omdat hulle die Here liefhet. Die seun en dogter wat regtig weet dat Jesus Christus vir hulle sondes betaal het, sal ontsag hê vir die Here. Sulke kinders sal ook weet dat hulle pa en ma en die onderwyser deur die Here aangestel is om hulle groot te maak en op te voed. As gelowiges sal hulle dan gehoorsaam wees.

En kinders, as julle te ver gegaan het en julle verhard het teen Pa en Ma se vermanings wat hulle in liefde tot julle uitgespreek het, moenie dan verbaas wees as julle 'n pak slae kry nie. 'n Gelowige pa en ma sal jou nie slaan om jou dood te slaan of te mishandel nie. Hulle doen dit omdat hulle jou liefhet en omdat hulle aan die Here gehoorsaam is. En ja, as Pa of Ma jou 'n pak slae gee, oortree hulle inderdaad 'n wet van die land. Maar wil jy hê dat Pa en Ma jou maar los en jy op 'n ander harder manier die regte ding moet leer? Of wil jy hê dat Pa en Ma eerder die staat moet gehoorsaam as vir die Here? Ek is oortuig dat julle eerder wil hê Pa en Ma moet die Here gehoorsaam. As jy dan aangehou het totdat jy 'n pak slae gekry het, aanvaar dit as die tug van die Here om jou te keer dat jy nie van Hom af sal wegdwaal en verlore gaan nie. Die Here tug immers die mense wat Hy liefhet.

Geliefdes, nou moet ons ook nie die belofte van die vyfde gebod vergeet nie. Die Here sê:

Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee. (Eksodus 20:12 AFR53)

Daar is so baie stemme wat uit vrees sê dat ons land ten gronde gaan. Daar is selfs mense wat die gerugte versprei dat die blankes nie meer lank in Suid-Afrika sal kan bly nie. Dit is sekerlik so dat dit nie met ons altyd goed gaan op alle gebiede in ons land nie. Maar om in vrees die dinge te aanskou en daaroor te bewee, sal ook niks aan die situasie verander nie. Laat ons ons eerder bekeer tot die Here. Kinders, laat ons aan ons ouers gehoorsaam wees en aan hulle respek betoon, want die Here eis dit van ons. Ouers, laat ons ons kinders grootmaak met tug en vermaning soos die Here dit wil. Wie weet, miskien sal die Here sy belofte van 'n lang en goeie lewe in die land wat Hy vir ons gegee het vir ons en ons kinders waar maak. Ons het nie reg op die belofte nie, maar ons wil en gaan alleen die Here gehoorsaam omdat ons eerbied vir Christus ons Verlosser het.

Wie sy kind met tug en vermaning grootmaak soos die Here dit wil, maak sy kind vir die Here groot. Wie egter nie tug en vermaan nie, is besig om sy kind vir skande groot te maak. In Spreuke sê ons Here:

Die roede en die bestraffing gee wysheid; maar 'n seun wat aan homself oorgelaat word, steek sy moeder in die skande. (Spreuke 29:15 AFR53)

Amen!

Slotgebed

Psalm 97:1, 6 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroom is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.

- 6 Beminnars van die HEER, / haat wat sy Naam onteer,
en wandel in sy weë. / Hy is sy volk geneë
en sal in doodsgevaar / sy gunsgenoot bewaar;
Hy red hom van die hand / wat dreig van alle kant, / van die geweldenaar.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
7 Desember 2014